Nywerheidsdoeleindes		Industrial Purposes
Landboudoeleindes		Agricultural Purposes
Landelike Bewoning		Rural Occupation
Hoofpaaie		Main Roads
Spoorlyn		Railway Line
Onderwerp van Wysiging -Kommersieel		Subject of Amendment–Commercial

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

WYSIGING VAN DIE AMENDMENT OF THE
GROTER / GREATER PRETORIA
GIDSPLAN GUIDE PLAN



Dorpsontwikkeling		Township Development
Nywerheidsdoeleindes		Industrial Purposes
Landboudoeleindes		Agricultural Purposes
Landelike Bewoning		Rural Occupation
Hoofpaaie		Main Roads
Spoorlyn		Railway Line
Onderwerp van Wysiging		Subject of Amendment

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

WYSIGING VAN DIE / AMENDMENT OF THE
GROTER / GREATER PRETORIA
GIDSPLAN / GUIDE PLAN



Dorpsontwikkeling		Township Development
Konstruksiemateriaal		Construction Materials
Landelike Bewoning		Rural Occupation
Hoofpaaie		Main Roads
Grens van Gidsplangebied		Boundary of Guide Plan Area
Onderwerp van Wysiging		Subject of Amendment

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

WYSIGING VAN DIE / AMENDMENT OF THE

GROTER / GREATER PRETORIA

GIDSPLAN / GUIDE PLAN



Dorpsontwikkeling		Township Development
Konstruksiemateriaal		Construction Materials
Ontspanning en Toerisme		Recreation and Tourism
Landelike Bewoning		Rural Occupation
Hoofpaaie		Main Roads
Grens van Gidsplangebied		Boundary of Guide Plan Area
Onderwerp van Wysiging		Subject of Amendment

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

WYSIGING VAN DIE / AMENDMENT OF THE
GROTER / GREATER PRETORIA
GIDSPLAN / GUIDE PLAN



Dorpsontwikkeling		Township Development
Ooopruimtes		Open Spaces
Landelike Bewoning		Rural Occupation
Hoofpaaie		Main Roads
Onderwerp van Wysiging		Subject of Amendment

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

WYSIGING VAN DIE / AMENDMENT OF THE
GROTER / GREATER PRETORIA
GIDSPLAN / GUIDE PLAN



Dorpsontwikkeling		Township Development
Oopruimtes		Open Spaces
Landelike Bewoning		Rural Occupation
Hoofpaaie		Main Roads
Onderwerp van Wysiging		Subject of Amendment

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

WYSIGING VAN DIE / AMENDMENT OF THE
GROTER / GREATER PRETORIA
GIDSPLAN / GUIDE PLAN



Dorpsontwikkeling		Township Develtopment
Nywerheidsdoeleindes		Industrial Purposes
Oopruimtes		Open Spaces
Landelike Bewoning		Rural Occupation
Hoofpaaie		Main Roads
Onderwerp van Wysiging		Subject of Amendment

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

WYSIGING VAN DIE / AMENDMENT OF THE

GROTER / GREATER PRETORIA

GIDSPLAN / GUIDE PLAN



Dorpsontwikkeling		Township Development
Kommersieël		Commercial
Nywerheidsdoeleindes		Industrial Purposes
Beperkte Nywerheidsdoeleindes		Restricted Industrial Purposes
Konstruksiemateriale		Construction Materials
Oopruimtes		Open Spaces
Ontspanning en Toerisme		Recreation and Tourism
Landboudoeleindes		Agricultural Purposes
Landelike Bewoning		Rural Occupation
Hoofpaaie - Bestaande / Voorgesteide		Main Roads - Existing / Proposed
Spoorlyne		Railway Lines
Onderwerp van Wysiging		Subject of Amendment

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

DEPARTMENT OF FINANCE

No. 2241 **31 October1986**

RATE OF INTEREST ON GOVERNMENT LOANS AND ADVANCES

It is hereby notified that the Minister of Finance has in terms of section 26 (1) of the Exchequer and Audit Act, 1975 (Act 66 of 1975), fixed the standard interest rate applicable from 1 November 1986, and until further notice, to loans and advances granted by the State out of the State Revenue Fund at sixteen comma five nought per cent (16,50 %) per annum.

The above-mentioned standard interest rate is applicable from 1 November 1986, and until further notice, to all drawings of loans and advances from State moneys, except loans and advances in respect of which other rates of interest are specifically authorised by legislation or the Minister of Finance.

No. 2265 **31 October 1986**

THE JOHANNESBURG STOCK EXCHANGE

NOTICE REGARDING AMENDMENT OF RULES

1. In terms of section 12 (6) of the Stock Exchanges Control Act, 1985 (Act 1 of 1985), it is hereby notified that the Johannesburg Stock Exchange has applied to the Registrar of Financial Institutions for approval to make amendments to its rules, as set forth in the Schedule hereto.

2. In terms of section 12 (7) of the said Act all interested persons (other than members of the Stock Exchange) who have any objections to the proposed amendments are hereby called upon to lodge their objections with the Registrar of Financial Institutions, Private Bag X238, Pretoria, 0001, within a period of 30 days from the date of this notice.

SCHEDULE

General explanatory notes

1. Words in square brackets ([ ]) indicate omissions from existing rules.
2. Words underlined with solid line (——) indicate insertions in existing rules.

PROPOSED AMENDMENT TO THE RULES OF THE JOHANNESBURG STOCK EXCHANGE

1. Insert in rule 2.40 after the definition of "JSE Gazette" the following new definition:

   " 'JSE year' means the financial year of the JSE which shall end on the last Friday in February in each year or such other date as the Committee may determine;"

2. Delete rules 4.80 and 10.20.3 and insert the following new rules:

   "4.80

   4.80.1 An entrance fee of R5 000[,00] shall be paid to the JSE by a member other than a corporate member: provided that where the applicant is a junior member or an authorised clerk with at

DEPARTEMENT VAN FINANSIES

No. 2241 **31 Oktober 1986**

RENTEKOERS VAN TOEPASSING OP STAATSLENINGS EN VOORSKOTTE

Hierby word bekendgemaak dat die Minister van Finansies, ingevolge artikel 26 (1) van die Skatkis- en Ouditwet, 1975 (Wet 66 van 1975), die standaardrentekoers van toepassing vanaf 1 November 1986, en tot nadere kennisgewing, op lenings en voorskotte deur die Staat toegestaan uit die Staatsinkomstefonds op sestien komma vyf nul persent (16,50 %) per jaar vasgestel het.

Bogenoemde standaardrentekoers is van toepassing vanaf 1 November 1986, en tot nadere kennisgewing, op alle trekkings van lenings en voorskotte uit staatsgelde, uitgesonderd lenings en voorskotte ten opsigte waarvan ander rentekoerse spesifiek deur wetgewing of die Minister van Finansies gemagtig is.

No. 2265 **31 Oktober 1986**

DIE JOHANNESBURGSE EFFEKTEBEURS

KENNISGEWING BETREFFENDE WYSIGING VAN REËLS

1. Ingevolge artikel 12 (6) van die Wet op Beheer van Effektebeurse, 1985 (Wet 1 van 1985), word hierby bekendgemaak dat die Johannesburgse Effektebeurs by die Registrateur van Finansiële Instellings aansoek gedoen het om goedkeuring om wysigings aan sy reëls aan te bring, soos uiteengesit in die Bylae hiervan.

2. Ingevolge artikel 12 (7) van genoemde Wet word alle belanghebbendes (uitgesonderd lede van die Effektebeurs) wat beswaar het teen die voorgestelde wysigings, hierby versoek om hul besware binne 'n tydperk van 30 dae vanaf die datum van hierdie kennisgewing by die Registrateur van Finansiële Instellings, Privaatsak X238, Pretoria, 0001, in te dien.

BYLAE

Algemene verduidelikende notas

1. Woorde tussen vierkantige hakies ([ ]) dui skrappings uit bestaande reëls aan.
2. Woorde met 'n volstreep daaronder (——) dui invoegings in bestaande reëls aan.

VOORGESTELDE WYSIGING VAN DIE REËLS VAN DIE JOHANNESBURGSE EFFEKTEBEURS

1. Voeg in reël 2.40 na die omskrywing van "JE" die volgende omskrywing in:

   " 'JE-jaar' die boekjaar van die JE wat eindig op die laaste Vrydag in Februarie elke jaar of sodanige ander dag as wat die Komitee bepaal;".

2. Skrap reëls 4.80 en 10.20.3 en voeg die volgende nuwe reëls in:

   "4.80

   4.80.1 Intreegeld van R5 000 [,00] word deur 'n lid, behalwe 'n geïnkorporeerde lid, aan die JE betaal: Met dien verstande dat waar die aansoeker 'n junior lid is of 'n gemagtigde klerk is met minstens drie jaar ononderbroke diens

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

least three years' continuous service immediately prior to his election as a member or is a person who for a period of five years immediately prior to his election as a member has been continuously employed by a broking firm, the entrance fee shall be two-thirds of the above amount.

4.80.2 A broking firm making application for the admission of any clerk shall, if the Committee decides to examine such clerk, pay a fee of R25. In the event of the clerk failing to satisfy the Committee in regard to his knowledge of the rules a further fee of R25 shall be paid prior to each appearance [on each occasion he appears] before the Committee for re-examination.

4.80.3 With effect from the commencement of the 1987 JSE year every member shall pay to the JSE the following membership subscription—

4.80.3.1 A broking member (other than a corporate member and a member of a corporate member)—

R2 000 [400] per annum;

A corporate member—

R2 000 [400] per annum multiplied by the number of its broking members;

A branch manager—

R2 000 [400] per annum;

An associate member—

R2 000 [200] per annum;

An honorary life member—

Nil.

4.80.3.2 Every other non-broking member [, who is not] including a member authorised clerk or a member unauthorised clerk—R500 [100] per annum; provided that the Committee may determine from time to time that due to special circumstances any specified non-broking member may pay a smaller annual subscription. A non-broking member who falls within this category and is over the age of 60 years shall not be required to pay a membership subscription.

4.80.4 A broking firm shall pay an annual licence fee of R5 000 for admission to the equity trading floor and shall, in addition, if it is a gilt broking firm pay an annual trading licence of R5 000 for admission to the gilt trading floor. The Committee may from time to time change the amount of the licence fee payable.

onmiddellik voor sy verkiesing tot 'n lid of iemand is wat vir 'n tydperk van vyf jaar onmiddellik voor sy verkiesing as 'n lid ononderbroke in die diens van 'n makelaarsfirma was, die intreegeld twee derdes van voormelde bedrag is.

4.80.2 'n Makelaarsfirma wat aansoek om die toelating van 'n klerk doen, betaal, indien die Komitee besluit om sodanige klerk te eksamineer, 'n bedrag van R25. Ingeval die klerk nie daarin slaag om die Komitee aangaande sy kennis van die reëls te oortuig nie, word 'n verdere bedrag van R25 betaal voor elke keer [as] wat hy vir hereksaminering voor die Komitee verskyn.

4.80.3 Elke lid betaal met ingang van die begin van die 1987 JE-jaar die volgende ledegeld aan die JE—

4.80.3.1 'n Makelaarslid (behalwe 'n geïnkorporeerde lid en 'n lid van 'n geïnkorporeerde lid)—

R2 000 [400] per jaar;

'n geïnkorporeerde lid—

R2 000 [400] per jaar vermenigvuldig met die getal van sy makelaarslede;

'n takbestuurder—

R2 000 [400] per jaar;

'n verbonde lid—

R2 000 [200] per jaar;

'n erelewenslid—

Nul.

4.80.3.2 Elke ander nie-makelaarslid [wat nie] met inbegrip van 'n gemagtigde klerklid of 'n ongemagtigde klerklid [is nie]—R500 [100] per jaar; Met dien verstande dat die Komitee van tyd tot tyd kan bepaal dat weens spesiale omstandighede 'n bepaalde niemakelaarslid 'n kleiner jaarlikse ledegeld kan betaal. 'n Nie-makelaarslid wat binne hierdie kategorie val en ouer as 60 jaar is hoef nie 'n ledegeld te betaal nie.

4.80.4 'n Makelaarsfirma betaal 'n jaarlikse lisensiegeld van R5 000 vir toelating tot die ekwiteitehandelsvloer en, indien dit 'n prima-effektemakelaarsfirma is, ook 'n jaarlikse handelslisensie van R5 000 vir toelating tot die prima-effektehandelsvloer. Die Komitee kan van tyd tot tyd die bedrag van die lisensiegeld wysig.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

4.80.5[4]

4.80.5[4].1 A broking firm shall pay to the JSE a turnover subscription as determined by the Committee from time to time in respect of all dealings in gilts. [calculated according to—

4.80.4.1.1 the number of shares or nominal value of stock purchased in or outside the Republic whether on behalf of a client or otherwise and including the purchase portion of a put-through, special bargain put-through, arbitrage, joint account and carrying transaction;]

[4.80.4.1.2 the value of gross realised income (after deduction of gross realised losses) in respect of all dealings in gilts.]

[4.80.4.2 The Committee may from time to time determine the rate and the effective date for any change in such rate of the turnover subscription.]

4.80.5.2[4.3] A broking firm shall not pay the turnover subscription in respect of a purchase executed on its behalf by another broking firm.

4.80.5.3[4.4] Where a Johannesburg broking firm executes a transaction on behalf of a country broking firm, the latter shall refund to the former a portion of the turnover subscription paid in respect of the transaction [relative] proportional to the percentage of brokerage shared.

4.80.5.4[4.5] No turnover subscription shall be payable by the counterparty broker to a put-through transaction.

4.80.6[5] A broking firm which uses the services of the Data Processing Department shall pay to the JSE such fees and charges for clearing and other services as may be prescribed by the Committee from time to time.

4.80.7[6]

[4.80.6.1 The subscriptions referred to in 4.80.3 shall be paid annually in advance during January.]

4.80.7.1[6.2] The Committee may determine from time to time the procedure to be adopted with regard to the calculation and payment of subscriptions, fees and charges referred to in 4.80.5[4] and 4.80.6[5].

4.80.7.2[6.3] A new member shall pay a subscription from and including the month in which he is elected. A portion of the subscription referred to in 4.80.3 shall be paid upon his election.

4.80.5[4]

4.80.5[4].1 'n Makelaarslid betaal aan die JE 'n omsetledegeld soos van tyd tot tyd deur die Komitee bepaal ten opsigte van alle transaksies in prima effekte. [wat bereken word volgens—

4.80.4.1.1 die getal aandele of pariwaarde van effekte wat in of buite die Republiek gekoop is hetsy namens 'n kliënt of andersins, met inbegrip van die koopgedeelte van 'n deursittransaksie, spesiale transaksie wat 'n deursittransaksie is, arbitrasietransaksie, gesamentlike rekeningtransaksie en borgtransaksie;]

[4.80.4.1.2 die waarde van bruto gerealiseerde inkomste (na aftrek van bruto gerealiseerde verliese) ten opsigte van alle transaksies in prima-effekte.]

[4.80.4.2 Die Komitee kan van tyd tot tyd die koers en die effektiewe datum vasstel vir 'n verandering in sodanige koers van die omsetledegeld.]

4.80.5.2[4.3] 'n Makelaarsfirma betaal nie die omsetledegeld ten opsigte van 'n aankoop wat namens hom deur 'n ander makelaarsfirma uitgevoer is nie.

4.80.5.3[4.4] Waar 'n Johannesburgse makelaarsfirma 'n transaksie namens 'n buitemakelaarsfirma uitvoer, betaal laasgenoemde aan eersgenoemde 'n gedeelte van die omsetledegeld terug wat ten opsigte van die transaksie betaal is, en dié gedeelte moet in dieselfde verhouding wees as sy persentasie van die makelaarsloon wat gedeel is.

4.80.5.4[4.5] Die teenpartymakelaar by 'n deursittransaksie betaal geen omsetledegeld nie.

4.80.6[5] 'n Makelaarsfirma wat die dienste van die Dataverwerkingsafdeling gebruik, betaal aan die JE sodanige gelde en heffings vir verrekenings- en ander dienste soos deur die Komitee van tyd tot tyd voorgeskryf.

[4.80.6.1 Die in 4.80.3 bedoelde ledegelde word jaarliks in Januarie vooruitbetaal.]

4.80.7[6]

4.80.7.1[6.2] Die Komitee kan van tyd tot tyd die prosedure bepaal wat gevolg moet word by die berekening en betaling van die in 4.80.5[4] en 4.80.6[5] bedoelde ledegelde, gelde en heffings.

4.80.7.2[6.3] 'n Nuwe lid betaal ledegeld vanaf, en ook vir, die maand waarin hy verkies word. 'n Gedeelte van die in 4.80.3 bedoelde ledegeld word betaal wanneer hy verkies word.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

4.80.7.3[6.4] A member who ceases to be a member shall not be refunded any portion of the subscription paid in terms of 4.80.3.

4.80.8[7]

4.80.8[7].1 A broking firm shall pay an annual subscription of R180 in respect of each junior member, each member authorised clerk and each authorised clerk employed by it, and R96 in respect of each member unauthorised clerk and each unauthorised clerk employed by it.

[4.80.7.2 Such subscription shall be paid annually in advance during January.]

4.80.8.2[7.3] A subscription in respect of a new junior member or clerk shall be payable for the period calculated from the month in which he is appointed to the end of the JSE [calender] year.

4.80.8.3[7.4] Should a member cease to be a member or should a broking firm cease to employ a junior member or a clerk the subscription paid shall be refunded in respect of the junior member or clerk for the period from the first of the month following the date on which he ceased to be a member or it ceased to employ the junior member or clerk to the date up to which the subscription has been paid. In the case of a defaulter such refund shall be paid to and form part of his Stock Exchange Estate.

4.80.9[8] If through any change in status or otherwise, any increased subscription is payable in respect of any member, junior member or clerk, such increased subscription shall apply with effect from the date on which the change took place.

4.80.10[9] The Committee may, in addition to the subscriptions, fees and charges prescribed by these rules, from time to time impose upon every broking firm a levy which shall be paid to the JSE or any of its funds on such conditions as the Committee may decide.

4.80.11[10] Any subscription, licence or other fee, charge, contribution or levy to be paid or which may be imposed in terms of these rules, except for the subscription payable in terms of 4.80.7[6] [and 4.80.7.2], shall be paid as determined by the Committee from time to time and any member failing to make such payment when due shall, unless the same be paid within one month after written

4.80.7.3[6.4] As 'n lid ophou om lid te wees, word 'n gedeelte van die ledegeld wat ingevolge 4.80.3 betaal is nie aan hom terug betaal nie.

4.80.8[7]

4.80.8[7].1 'n Makelaarsfirma betaal 'n jaarlikse ledegeld van R180 ten opsigte van elke junior lid, elke gemagtigde klerklid en elke gemagtigde klerk in sy diens, en R96 ten opsigte van elke ongemagtigde klerklid en elke ongemagtigde klerk in sy diens.

[4.80.7.2 Sodanige ledegeld word jaarliks in Januarie vooruit betaal.]

4.80.8.2[7.3] Ledegeld ten opsigte van 'n nuwe junior lid of klerk word vir die tydperk vanaf die maand waarin hy aangestel is tot die einde van die JE-jaar [kalenderjaar] betaal.

4.80.8.3[7.4] Indien 'n lid ophou om lid te wees of indien 'n makelaarsfirma ophou om 'n junior lid of klerk in diens te hê, word die ledegeld wat betaal is ten opsigte van die junior lid of die klerk terugbetaal vir die tydperk wat strek vanaf die eerste van die maand wat volg op die datum waarop hy opgehou het om lid te wees of die firma opgehou het om die junior lid of die klerk in diens te hê tot en met die datum waarvoor die ledegeld betaal is. In die geval van 'n wanbetaler word sodanige terugbetaling in sy effektebeursboedel gestort en maak dit deel daarvan uit.

4.80.9[8] Indien weens 'n verandering in status of om 'n ander rede, hoër ledegeld betaalbaar is ten opsigte van 'n lid, junior lid of klerk, word sodanige hoër ledegeld betaal met ingang van die datum waarop die verandering plaasgevind het.

4.80.10[9] Behalwe die ledegeld, gelde en heffings wat hierdie reëls voorskryf, kan die Komitee van tyd tot tyd elke makelaarsfirma 'n heffing oplê wat aan die JE of enigeen van sy fondse betaal moet word op sodanige voorwaardes as wat die Komitee besluit.

4.80.11[10] Ledegelde, lisensie- of ander gelde, heffings, of bydraes wat betaal moet word of wat ingevolge hierdie reëls opgelê kan word, behalwe die ledegelde wat ingevolge 4.80.7[6 en 4.80.7.2] betaalbaar is, word betaal soos deur die Komitee van tyd tot tyd bepaal, en 'n lid wat versuim om sodanige betalings te maak wanneer dit verskuldig is, hou op

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

demand has been made by the Committee, cease to be a member. The subscriptions payable in terms of 4.80.3 and 4.80.8 and the licence fee payable in terms of 4.80.4 shall be paid annually in advance during March and shall be in respect of each JSE year."

"10.20.3 Annual revision fee—

With effect from the commencement of the 1987 JSE year in respect of each class of security listed [an annual] a revision fee in terms of the Act shall be paid in respect of each JSE year and which fee is not refundable if the listing is terminated. [and which is] The fee shall be payable in March of each year except during the [calender] year in which the listing is granted and which shall be calculated as follows:

10.20.3.1 In respect of gilts, a fee equivalent to 0,01 per cent of the nominal value of the class of security, with a minimum fee of R200 and a maximum fee of R500 and calculated to the nearest R10. The aggregate amount of fees payable by a single issuer of such stock shall be subject to a maximum of R5 000 in each year;

10.20.3.2 in respect of equity shares listed, an amount equal to 0,01 per cent of the market value of all the listed equity shares in the company [listed] calculated at the average of the middle market price of such shares on the last business day before the end of March, June, September and December of the previous year on which such shares were dealt in, subject to a minimum fee of R1 250 [500] and a maximum fee of R12 500 [5 000] in each year and calculated to the nearest R50;

10.20.3.3 in respect of issuers with preference shares listed, an amount of R1 000[400];

10.20.3.4 in respect of issuers with debentures or loan stock listed (other than gilts), an amount of R500 [200];

10.20.3.5 where more than one of the aforesaid classes of securities are listed, the issuer shall pay the higher fee only.".

om 'n lid te wees tensy die verskuldigde bedrag binne 'n maand nadat die Komitee dit skriftelik versoek het, betaal word. Die ledegeld ingevolge 4.80.3 en 4.80.8 en die lisensiegeld ingevolge 4.80.4 betaalbaar, word jaarliks gedurende Maart vooruitbetaal en is ten opsigte van elke JE-jaar.".

"10.20.3 Jaarlikse hersieningsgeld—

Met ingang van die begin van die 1987 JE-jaar word, ten opsigte van elke soort genoteerde effek, [word 'n jaarlikse] ten opsigte van elke JE-jaar 'n hersieningsgeld ingevolge die Wet betaal, [wat] welke geld nie terugbetaalbaar is indien die notering beëindig word nie. [en wat] Die geld word jaarliks in Maart betaal [word] behalwe gedurende die [kalender] jaar waarin die notering toegestaan word, en [wat] word soos volg bereken [word]:

10.20.3.1 Ten opsigte van prima effekte, 'n geld gelyk aan 0.01 persent van die nominale waarde van die soort effek, met 'n minimumgeld van R200 en 'n maksimumgeld van R500, tot die naaste R10 bereken. Die totale bedrag wat deur 'n enkele uitreiker van sodanige effekte betaalbaar is, is onderworpe aan 'n maksimum van R5 000 in elke jaar;

10.20.3.2 ten opsigte van genoteerde gewone aandele, 'n bedrag gelyk aan 0.01 persent van die markwaarde van al die genoteerde gewone aandele van die [genoteerde] maatskappy, bereken teen die gemiddelde van die middelmarkprys van sodanige aandele op die laaste besigheidsdag voor die einde Maart, Junie, September en Desember van die vorige jaar waarop sake in sodanige aandele gedoen is, onderworpe aan 'n minimumgeld van R1 250 [500] en 'n maksimumgeld van R12 500 [5 000] in elke jaar, tot die naaste R50 bereken;

10.20.3.3 ten opsigte van uitreikers met genoteerde voorkeuraandele, 'n bedrag van R1 000 [400];

10.20.3.4 ten opsigte van uitreikers met genoteerde skuldbriewe of leningseffekte (behalwe prima effekte), 'n bedrag van R500 [200];

10.20.3.5 waar meer as een van voornoemde soorte effekte genoteer word, betaal die uitreiker net die hoër geld.".

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

DEPARTMENT OF HOME AFFAIRS

No. 2240 **31 October 1986**

ALIENS ACT, 1937

CHANGE OF SURNAME.—MOONSAMMY TO PILLAY

The Minister of Home Affairs has been pleased under the provisions of section 9 of the Aliens Act, 1937 (Act 1 of 1937), to authorise Gerard Rajgopal Moonsammy, his wife Kasthurie Kumarie and his children Gervasse Sydney Moonsammy and Ruare Dhabi Monsammy, residing at 12 Peter Street, Rynsoord, Benoni, to assume the surname of Pillay.

No. 2247 **31 October 1986**

ALIENS ACT, 1937

CHANGE OF SURNAME.—ASSOULINE TO ESSELEN

The Minister of Home Affairs has been pleased under the provisions of section 9 of the Aliens Act, 1937 (Act 1 of 1937), to authorise Moshe Assouline, his wife Soshana and his children Liat and Guy Assouline, residing at 217 André Brink Street, Vorna Valley, Halfway House, to assume the surname of Esselen.

No. 2248 **31 October 1986**

ALIENS ACT, 1937

CHANGE OF SURNAME.—SUBRAMANY TO ODAYAR

The Minister of Home Affairs has been pleased under the provisions of section 9 of the Aliens Act, 1937 (Act 1 of 1937), to authorise Kasavan Odayar Subramany, his wife Logambal and his children, Krishna Odayar Subramany and Sadhaseelan Odayar Subramany, residing at 1 Ocean View Road, Silverglen, Durban, to assume the surname of Odayar.

No. 2249 **31 October 1986**

ALIENS ACT, 1937

CHANGE OF SURNAME.—VENKATSAMI TO NAIDOO

The Minister of Home Affairs has been pleased under the provisions of section 9 of the Aliens Act, 1937 (Act 1 of 1937), to authorise Manogaran Venkatsami and his wife Seetha, residing at 63 Road 742, Montford, Chatsworth, to assume the surname of Naidoo.

No. 2250 **31 October 1986**

ALIENS ACT, 1937

CHANGE OF SURNAME.—GANESH TO GANI

The Minister of Home Affairs has been pleased under the provisions of section 9 of the Aliens Act, 1937 (Act 1 of 1937), to authorise Baboobal Ganesh, his wife Fathima Bibi and his children Mohamed Rashaad, Riyaad and Razeena Ganesh, residing at 9522 Weser Crescent, Extension 10, Lenasia, to assume the surname of Gani.

DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE SAKE

No. 2240 **31 Oktober 1986**

WET OP VREEMDELINGE, 1937

VANSVERANDERING.—MOONSAMMY IN PILLAY

Dit het die Minister van Binnelandse Sake behaag om, kragtens die bepalings van artikel 9 van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet 1 van 1937), Gerard Rajgopal Moonsammy, sy vrou Kasthurie Kumarie en sy kinders Gervasse Sydney Moonsammy en Ruare Dhabi Moonsammy, woonagtig te Peterstraat 12, Rynsoord, Benoni, te magtig om die van Pillay aan te neem.

No. 2247 **31 Oktober 1986**

WET OP VREEMDELINGE, 1937

VANSVERANDERING.—ASSOULINE IN ESSELEN

Dit het die Minister van Binnelandse Sake behaag om, kragtens die bepalings van artikel 9 van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet 1 van 1937), Moshe Assouline, sy vrou Soshana en sy kinders Liat en Guy Assouline woonagtig te André Brinkstraat 217, Vorna Vallei, Halfweghuis, te magtig om die van Esselen aan te neem.

No. 2248 **31 Oktober 1986**

WET OP VREEMDELINGE, 1937

VANSVERANDERING.—SUBRAMANY IN ODAYAR

Dit het die Minister van Binnelandse Sake behaag om, kragtens die bepalings van artikel 9 van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet 1 van 1937), Kasavan Odayar Subramany, sy vrou Logambal en sy kinders Krishna Odayar Subramany en Sadhaseelan Odayar Subramany, woonagtig te Ocean Viewweg 1, Silverglen, Durban, te magtig om die van Odayar aan te neem.

No. 2249 **31 Oktober 1986**

WET OP VREEMDELINGE, 1937

VANSVERANDERING.—VENKATSAMI IN NAIDOO

Dit het die Minister van Binnelandse Sake behaag om, kragtens die bepalings van artikel 9 van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet 1 van 1937), Manogaran Venkatsami en sy vrou Seetha, woonagtig te Weg 742 No. 63, Montford, Chatsworth, te magtig om die van Naidoo aan te neem.

No. 2250 **31 Oktober 1986**

WET OP VREEMDELINGE, 1937

VANSVERANDERING.—GANESH IN GANI

Dit het die Minister van Binnelandse Sake behaag om, kragtens die bepalings van artikel 9 van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet 1 van 1937), Baboobal Ganesh, sy vrou Fathima Bibi en sy kinders Mohamed Rashaad, Riyaad en Razeena Ganesh, woonagtig te Wesersingel 9522, Uitbreiding 10, Lenasia, te magtig om die van Gani aan te neem.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

No. 2251 **31 October 1986**

ALIENS ACT, 1937

CHANGE OF SURNAME.—ASMAL TO PATEL

The Minister of Home Affairs has been pleased under the provisions of section 9 of the Aliens Act, 1937 (Act 1 of 1937), to authorise Mia Mohamed Asmal, his wife Isa and his children Fatima, Abdulla and Aneesa Mia Mohamed Patel, residing at 1814 Sixth Avenue, Bakerton, Springs, to assume the surname of Patel.

No. 2252 **31 October 1986**

ALIENS ACT, 1937

CHANGE OF SURNAME.—MATHOPE TO HOPE

The Minister of Home Affairs has been pleased under the provisions of section 9 of the Aliens Act, 1937 (Act 1 of 1937), to authorise James Mathope and his wife Leah, residing at 965 Railway Street, Noordgesig, Johannesburg, to assume the surname of Hope.

No. 2253 **31 October 1986**

ALIENS ACT, 1937

CHANGE OF SURNAME.—REID TO HUDSON

The Minister of Home Affairs has been pleased under the provisions of section 9 of the Aliens Act, 1937 (Act 1 of 1937), to authorise Stanley Reid, residing at 52 Airforce Avenue, Factreton Estate, to assume the surname of Hudson.

No. 2254 **31 October 1986**

ALIENS ACT, 1937

CHANGE OF SURNAME.—MOONSAMY TO DAVID

The Minister of Home Affairs has been pleased under the provisions of section 9 of the Aliens Act, 1937 (Act 1 of 1937), to authorise Harold Trevor Moonsamy, residing at 2 Shirwyn Court, 136 End Street, Johannesburg, to assume the surname of David.

DEPARTMENT OF JUSTICE

No. 2242 **31 October 1986**

ESTABLISHMENT OF A SMALL CLAIMS COURT

Under and by virtue of the powers vested in me by section 2 of the Small Claims Courts Act, 1984 (Act 61 of 1984), I, Hendrik Jacobus Coetsee, hereby give notice that I—

(a) establish a court in the District of Gordonia for the adjudication of claims; and

(b) appoint Upington as a place in the aforementioned district for the holding of sessions of such a court.

H. J. COETSEE,
Minister of Justice.

No. 2251 **31 Oktober 1986**

WET OP VREEMDELINGE, 1937

VANSVERANDERING.—ASMAL IN PATEL

Dit het die Minister van Binnelandse Sake behaag om, kragtens die bepalings van artikel 9 van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet 1 van 1937), Mia Mohamed Asmal, sy vrou Isa en sy kinders Fatima, Abdulla en Aneesa Mia Mohamed Patel, woonagtig te Sesde Laan 1814, Bakerton, Springs, te magtig om die van Patel aan te neem.

No. 2252 **31 Oktober 1986**

WET OP VREEMDELINGE, 1937

VANSVERANDERING.—MATHOPE IN HOPE

Dit het die Minister van Binnelandse Sake behaag om, kragtens die bepalings van artikel 9 van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet 1 van 1937), James Mathope en sy vrou Leah, woonagtig te Spoorwegstraat 965, Noordgesig, Johannesburg, te magtig om die van Hope aan te neem.

No. 2253 **31 Oktober 1986**

WET OP VREEMDELINGE, 1937

VANSVERANDERING.—REID IN HUDSON

Dit het die Minister van Binnelandse Sake behaag om, kragtens die bepalings van artikel 9 van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet 1 van 1937), Stanley Reid, woonagtig te Lugmaglaan 52, Factreton-landgoed, te magtig om die van Hudson aan te neem.

No. 2254 **31 Oktober 1986**

WET OP VREEMDELINGE, 1937

VANSVERANDERING.—MOONSAMY IN DAVID

Dit het die Minister van Binnelandse Sake behaag om, kragtens die bepalings van artikel 9 van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet 1 van 1937), Harold Trevor Moonsamy, woonagtig te Shirwynhof 2, Endstraat 136, Johannesburg, te magtig om die van David aan te neem.

DEPARTEMENT VAN JUSTISIE

No. 2242 **31 Oktober 1986**

INSTELLING VAN 'N HOF VIR KLEIN EISE

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 2 van die Wet op Howe vir Klein Eise, 1984 (Wet 61 van 1984), gee ek, Hendrik Jacobus Coetsee, hierby kennis dat ek—

(a) 'n hof vir die beregting van eise in die distrik Gordonia instel; en

(b) Upington aanwys as 'n plek in die voormelde distrik vir die hou van sittings van so 'n hof.

H. J. COETSEE,
Minister van Justisie.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

DEPARTMENT OF TRANSPORT

No. 2279 **31 October 1986**

ROAD TRANSPORTATION ACT, 1977
(ACT 74 OF 1977)

EXEMPTED GOODS

By virtue of the powers vested in me by section 2 (i) of the Road Transportation Act, 1977 (Act 74 of 1977), I, Hendrik Stephanus Johan Schoeman, Minister of Transport Affairs, hereby amend the Government Notices referred to in paragraph 1 of the Schedule hereto as indicated in paragraph 2 of the said Schedule.

H. S. J. SCHOEMAN,
Minister of Transport Affairs.

SCHEDULE

1. In this Schedule "the Notice" means Government Notice 1267 of 22 June 1984, as amended by Government Notices 2775 of 13 December 1985 and 581 of 27 March 1986.
2. The Schedule to the Notice is hereby amended by the insertion of the following items in the list of exempted goods:

   Freight containers loaded with goods and conveyed by the holder of a permit, provided that the conveyance of the goods within such freight containers is authorised by means of a permit issued in favour of the holder in terms of the provisions of the Road Transportation Act, 1977 (Act 74 of 1977).

   Freight containers loaded with goods that are declared to be exempted goods interms of section 2 (i) of the Road Transportation Act, 1977 (Act 74 of 1977).

   Empty freight containers from the places where they have been emptied to the container-handling facilities provided by the South African Transport Services that are situated nearest to the places where the freight containers have been emptied.

DEPARTEMENT VAN VERVOER

No. 2279 **31 Oktober 1986**

WET OP PADVERVOER, 1977
(WET 74 VAN 1977)

VRYGESTELDE GOEDERE

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 2 (i) van die Wet op Padvervoer, 1977 (Wet 74 van 1977), wysig ek, Hendrik Stephanus Johan Schoeman, Minister van Vervoerwese, hierby die Goewermentskennisgewings in paragraaf 1 van die Bylae hiervan vermeld soos aangedui in paragraaf 2 van genoemde Bylae.

H. S. J. SCHOEMAN,
Minister van Vervoerwese.

BYLAE

1. In hierdie Bylae beteken "die Kennisgewing" Goewermentskennisgewing 1267 van 22 Junie 1984, soos gewysig by Goewermentskennisgewings 2775 van 13 Desember 1985 en 581 van 27 Maart 1986.
2. Die Bylae van die kennisgewing word hierby gewysig deur die invoeging van die volgende items in die lys van vrygestelde goedere:

   Vraghouers wat met goedere belaai is en deur die houer van 'n permit vervoer word, op voorwaarde dat die vervoer van die goedere in die bedoelde vraghouers gemagtig is deur 'n permit wat ingevolge die bepalings van die Wet op Padvervoer, 1977 (Wet 74 van 1977), aan die houer uitgereik is.

   Vraghouers wat met goedere belaai is wat ingevolge die bepalings van artikel 2 (i) van die Wet op Padvervoer, 1977 (Wet 74 van 1977), tot vrygestelde goedere verklaar is.

   Leë vraghouers vanaf die plekke waar dit leeggemaak is na vraghouerhanteringsfasiliteite wat deur die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste daargestel is en wat die naaste geleë is aan die plekke waar die vraghouers leeggemaak is.

GENERAL NOTICES

NOTICE 748 OF 1986

DEPARTMENT OF MANPOWER

LABOUR RELATIONS ACT, 1956

CANCELLATION OF REGISTRATION OF A TRADE UNION

I, Leonard Larry Lorain Olivier, Industrial Registrar, hereby notify, in terms of section 14 (2) of the Labour Relations Act, 1956, that I have cancelled the registration of the Tramway Officials Staff Association with effect from 17 October 1986.

L. L. L. OLIVIER,
Industrial Registrar.
(31 October 1986)

ALGEMENE KENNISGEWINGS

KENNISGEWING 748 VAN 1986

DEPARTEMENT VAN MANNEKRAG

WET OP ARBEIDSVERHOUDINGE, 1956

INTREKKING VAN REGISTRASIE VAN 'N VAKVERENIGING

Ek, Leonard Larry Lorain Olivier, Nywerheidsregistrateur, maak hierby kragtens artikel 14 (2) van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1956, bekend dat ek die registrasie van die Tramway Officials Staff Association met ingang van
17 Oktober 1986 ingetrek het.

L. L. L. OLIVIER,
Nywerheidsregistrateur.
(31 Oktober 1986)

NOTICE 749 OF 1986

DEPARTMENT OF POSTS AND TELECOMMUNICATIONS

SALE OF UNDELIVERED AND UNCLAIMED ARTICLES.—CAPE TOWN

The Postmaster General has authorised the sale by public auction of an assortment of items obtained from undelivered and unclaimed postal articles. The auction will take place at

KENNISGEWING 749 VAN 1986

DEPARTEMENT VAN POS- EN TELEKOMMUNIKASIEWESE

VERKOOP VAN ONAFGELEWERDE EN ONAFGEHAALDE ARTIKELS.—KAAPSTAD

Die Posmeester-generaal het magtiging verleen vir die verkoop per openbare veiling van 'n verskeidenheid items wat uit onafgelewerde en onafgehaalde posstukke verkry is.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

09h30 on Thursday, 20 November 1986, and will be conducted by the firm Gibraltar Furnishers and Auctioneers, 235 Victoria Road, Woodstock, at the Returned Letter Office, First Floor, Spencer House, 255 Voortrekker Road, Maitland.

The list of articles to be sold may be inspected at the auctioneer's office, 235 Victoria Road, Woodstock.

(31 October 1986)

Die veiling vind om 09h30 op Donderdag, 20 November 1986, plaas en word deur die firma Gibraltar Meubileerders en Afslaers, Victoriaweg 235, Woodstock, by die Kantoor vir Onafgehaalde Briewe, Eerste Verdieping, Spencerhuis, Voortrekkerweg 255, Maitland, onderneem.

Die lys van artikels wat verkoop word, lê ter insae by die afslaer se kantoor, Victoriaweg 235, Woodstock.

(31 Oktober 1986)

NOTICE 753 OF 1986

NOTICE OF APPLICATION FOR APPROVAL FOR THE ERECTION OF A NEW ABATTOIR IN TERMS OF SECTION 12 (1) OF THE ABATTOIR INDUSTRY ACT, 1976 (ACT 54 OF 1976)

It is hereby made known in terms of section 12 (1) of the Abattoir Industry Act, 1976 (Act 54 of 1976), that Mr C. F. Potgieter, P.O. Box 57, Dendron, 0715, has in terms of section 11 of the said Act applied to the Minister of Agricultural Economics and of Water Affairs for approval for the erection of a new abattoir on the farm Geluksfontein, Portions 1, 2 and 3, Dendron.

If the application is granted, the abattoir will be used for the slaughter of three head of cattle and three sheep/goats per day as well as 10 pigs per month for supplying meat to the residents of Dendron and vicinity.

Any person intending to submit representations or objections in regard to the above-mentioned application shall forward such representations or objections to the Chairman, Abattoir Commission, Private Bag X250, Pretoria, 0001, within a period of 30 days from the date of publication of this notice and in the manner set out in the regulations published under the said Act.

Attention is invited to the provisions of regulation 11 (6) of the said regulations which require any person who submits objections to an application to the Minister to serve on the applicant concerned a copy of the document in which his objections are set out.

A. D. MARITZ,

for Chairman: Abattoir Commission.

Note: The regulations require that objections be affirmed under oath and submitted in triplicate.

(31 October 1986)

KENNISGEWING 753 VAN 1986

KENNISGEWING VAN AANSOEK OM GOEDKEURING VIR DIE OPRIGTING VAN 'N NUWE ABATTOIR KRAGTENS ARTIKEL 12 (1) VAN DIE WET OP DIE ABATTOIRBEDRYF, 1976 (WET 54 VAN 1976)

Kennis geskied hiermee kragtens artikel 12 (1) van die Wet op die Abattoirbedryf, 1976 (Wet 54 van 1976), dat mnr. C. F. Potgieter, Posbus 57, Dendron, 0715, kragtens artikel 11 van genoemde Wet by die Minister van Landbouekonomie en van Waterwese aansoek gedoen het om goedkeuring vir die oprigting van 'n nuwe abattoir op die plaas Geluksfontein, Gedeeltes 1, 2 en 3, Dendron.

Indien die aansoek toegestaan word, sal die abattoir gebruik word vir die slag van drie beeste en drie skape/bokke asook 10 varke per maand vir die voorsiening van vleis aan die inwoners van Dendron en omgewing.

Iemand wat vertoë of besware in verband met bogenoemde aansoek wil rig, moet sodanige vertoë of besware aan die Voorsitter, Abattoirkommissie, Privaatsak X250, Pretoria, 0001, rig binne 'n tydperk van 30 dae vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing en op die wyse uiteengesit in die regulasies kragtens genoemde Wet uitgevaardig.

Aandag word gevestig op die bepalings van regulasie 11 (6) van die genoemde regulasies wat vereis dat iemand wat vertoë of besware teen 'n aansoek aan die Minister voorlê, terselfdertyd 'n afskrif van die stuk waarin sy besware uiteengesit is op die betrokke applikant moet bestel.

A. D. MARITZ,

namens Voorsitter: Abattoirkommissie.

L.W.: Die regulasies vereis dat besware onder eed bevestig en in drievoud voorgelê moet word.

(31 Oktober 1986)

NOTICE 754 OF 1986

DEPARTMENT OF MANPOWER

MANPOWER TRAINING ACT, 1981
(ACT 56 OF 1981)

ESTABLISHMENT OF NATIONAL MANPOWER TRAINING COMMITTEE FOR THE MINING INDUSTRY AND DISESTABLISHMENT OF THE MANPOWER TRAINING COMMITTEE FOR THE COAL MINING INDUSTRY, NATAL, AND THE MANPOWER TRAINING COMMITTEE FOR THE BUILDING, MECHANICAL AND ELECTRICAL ENGINEERING INDUSTRIES (MINES)

1. It is hereby notified for general information that the National Training Board has, with effect from 24 March 1986—
   (a) in terms of section 5 of the Manpower Training Act, 1981 (Act 56 of 1981), established a manpower training committee for the mining industry, to be known as the National Manpower Training Committee for the Mining Industry, for the following areas:
      (i) The Province of the Transvaal.
      (ii) The Province of the Orange Free State.

KENNISGEWING 754 VAN 1986

DEPARTEMENT VAN MANNEKRAG

WET OP MANNEKRAGOPLEIDING, 1981
(WET 56 VAN 1981)

INSTELLING VAN NASIONALE MANNEKRAGOPLEIDINGSKOMITEE VIR DIE MYNBOUNYWERHEID EN ONTBINDING VAN DIE MANNEKRAGOPLEIDINGSKOMITEE VIR DIE STEENKOOLMYNNYWERHEID, NATAL, EN DIE MANNEKRAGOPLEIDINGSKOMITEE VIR DIE BOU-, WERKTUIGKUNDIGE EN ELEKTRIESE INGENIEURSNYWERHEDE (MYNBOU)

1. Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Nasionale Opleidingsraad, met ingang van 24 Maart 1986—
   (a) ingevolge artikel 5 van die Wet op Mannekragopleiding, 1981 (Wet 56 van 1981), 'n mannekragopleidingskomitee vir die mynbounywerheid, bekend te staan as die Nasionale Mannekragopleidingskomitee vir die Mynbounywerheid, vir die volgende gebiede ingestel het:
      (i) Die provinsie Transvaal.
      (ii) Die provinsie die Oranje-Vrystaat.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(iii) The Province of Natal.

(iv) The Magisterial Districts of Barkly West, Britstown, De Aar, Gordonia, Hartswater, Hay, Herbert, Hopetown, Kenhardt, Kimberley, Kuruman, Philipstown, Postmasburg, Prieska, Vryburg and Warrenton; and

(b) in terms of section 9 of the Manpower Training Act, 1981—

(i) disestablished the Manpower Training Commitee for the Coal Mining Industry, Natal, established by Government Notice 2296 of 7 November 1947; and

(ii) disestablished the Manpower Training Committee for the Building, Mechanical and Electrical Engineering Industries (Mines), established by Government Notice 2184 of 29 November 1926, as amended by Government Notices 2819 of 2 November 1951 and 2450 of 3 December 1954.

2. For the purposes of paragraph 1 (a)—

(i) "mining activities" means—

(a) the searching for or winning of minerals as defined in section 1 of the Mines and Works Act, 1956 (Act 27 of 1956);

(b) the crushing, reducing, dressing, concentrating, extracting, smelting or processing of such minerals or any constituent of such minerals provided such activity takes place by or for the mine owner in premises on or contiguous to the mine;

(c) the refining of non-precious metals on any premises or place contiguous to such premises where any operation contemplated in the preceding subparagraphs of this paragraph is carried on; and

(d) the refining of precious metals on any premises;

(ii) "mining industry" means an industry in which employers and their employees are associated for the purposes of carrying on mining activities or any operation necessary or incidental thereto and "industry" shall bear the same meaning;

(iii) the term "precious metals" shall bear the meaning assigned thereto in section 1 of the Mining Right Act, 1967 (Act 20 of 1967).

(31 October 1986)

NOTICE 755 OF 1986

DEPARTMENT OF AGRICULTURAL ECONOMICS AND MARKETING

AGRICULTURAL PRODUCE AGENCY SALES ACT, 1975 (ACT 12 OF 1975)

UNCLAIMED PROCEEDS OF AGRICULTURAL PRODUCTS SOLD

In terms of section 25 (1) of the Agricultural Produce Agency Sales Act, 1975 (Act 12 of 1975), the persons specified in column 1 of the table below are hereby given notice that they are entitled to the money specified in column 2 of the table opposite their names, being the proceeds of the sale of agricultural products on their behalf by the commission agent specified in column 3 of the table opposite their names.

(iii) Die provinsie Natal.

(iv) Die landdrosdistrikte Barkly-Wes, Britstown, De Aar, Gordonia, Hartswater, Hay, Herbert, Hopetown, Kenhardt, Kimberley, Kuruman, Philipstown, Postmasburg, Prieska, Vryburg en Warrenton; en

(b) ingevolge artikel 9 van die Wet op Mannekragopleiding, 1981—

(i) die Mannekragopleidingskomitee vir die Steenkoolnywerheid, Natal, ingestel by Goewermentskennisgewing 2296 van 7 November 1947 ontbind het; en

(ii) die Mannekragopleidingskomitee vir die Bou-, Werktuigkundige- en Elektriese Ingenieursnywerhede (Mynbou), ingestel by Goewermentskennisgewing 2184 van 29 November 1926, soos gewysig deur Goewermentskennisgewings 2819 van 2 November 1951 en 2450 van 3 Desember 1954 ontbind het.

2. By die toepassing van paragraaf 1 (a)—

(i) beteken "mynbounywerheid" 'n nywerheid waarin werkgewers en werknemers met mekaar geassosieer is met die doel om mynbouaktiwiteite en daarmee gepaardgaande werksaamhede te beoefen en dra "nywerheid" dieselfde betekenis;

(ii) beteken "mynbouaktiwiteite"—

(a) die soek na of winning van 'n delfstof soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Myne en Bedrywe, 1956 (Wet 27 van 1956);

(b) die vergruising, reduksie, bereiding, konsentrering, ekstraksie, smelting of prosessering van sulke delfstowwe of enige bestanddeel daarvan met dien verstande dat sodanige aktiwiteit plaasvind deur of ten behoewe van die myneienaar op persele op of aangrensend aan die myn;

(c) die raffinering van onedele metale op enige persele of plek aangrensend aan persele waar enige werksaamheid voorgenome in die voorgaande subparagrawe van hierdie paragraaf uitgevoer word; en

(d) die raffinering van edele metale op enige persele;

(iii) dra die uitdrukking "edele metale" die betekenis wat in artikel 1 van die Wet op Mynregte, 1967 (Wet 20 van 1967), daaraan toegewys is.

(31 Oktober 1986)

KENNISGEWING 755 VAN 1986

DEPARTEMENT VAN LANDBOU-EKONOMIE EN -BEMARKING

WET OP AGENTSKAPSVERKOPING VAN LANDBOUPRODUKTE, 1975 (WET 12 VAN 1975)

ONOPGEËISTE OPBRENGSTE VAN VERKOOPTE LANDBOUPRODUKTE

Kragtens artikel 25 (1) van die Wet op Agentskapsverkoping van Landbouprodukte, 1975 (Wet 12 van 1975), word die persone genoem in kolom 1 van die tabel hieronder, hierby kennis gegee dat hulle geregtig is op die geld teenoor hulle name in kolom 2 van die tabel vermeld, synde die opbrengs van die verkoop van landbouprodukte ten behoewe van hulle deur die kommissie-agente teenoor hulle name in kolom 3 van die tabel vermeld.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

Each of the aforementioned persons is hereby called upon to claim such money within 90 days after the date of this notice by notifying the Director-Genereral: Agricultural Economics and Marketing, Private Bag X250, Pretoria, 0001, in writing of his claim, stating his full name, his address at the time of the consignment of the products concerned, his present address, the kind, quantity, and date of consignment of the products concerned, the amount claimed by him and the name of the commission agent concerned.

The claim submitted by a person specified in the table shall contain a declaration by the claimant, made under oath or otherwise confirmed before a justice of the peace or commissioner of oaths, that the money claimed by him is truly and lawfully due and payable to him by the commission agent concerned.

D. W. IMMELMAN,
Director-general: Agricultural Economics and Marketing.

Elkeen van genoemde persone word hierby versoek om daardie geld binne 90 dae na die datum van hierdie kennisgewing op te eis deur die Direkteur-generaal: Landbou-ekonomie en -bemarking, Privaatsak X250, Pretoria, 0001, skriftelik van sy eis mee te deel met vermelding van sy volle naam, sy adres ten tyde van die versending van die betrokke produkte, sy huidige adres, die soort, hoeveelheid en datum van versending van die betrokke produkte, die bedrag wat hy opeis en die naam van die betrokke kommissie-agent.

Die eis wat deur 'n persoon in die tabel vermeld, ingedien word, moet 'n verklaring deur die eiser bevat, wat onder eed gemaak of andersins bevestig is voor 'n vrederegter of kommissaris van ede, dat die geld wat hy eis, waarlik en wettig deur die betrokke kommissie-agent aan hom verskuldig en betaalbaar is.

D. W. IMMELMAN,
Direkteur-generaal: Landbou-ekonomie en -bemarking.

TABLE/TABEL

